IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I1.17 VOL.132 PG.6541-6564.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-08-18

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

132

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 132

(Bladsye 6 541 - 6 564)

MNR. JACOBS : U Edele, die getuie se naam is Lukas Cornelis André Pruis.

LUKAS CORNELIS ANDRÉ PRUIS, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS :Mnr. Pruis, wat is u akademiese kwalifikasies? -- Ek het 'n BA graad, 'n BA Honneurs in Staatsleer, MA graad in Staatsleer, aldrie verwerf aan die Vrystaatse Universiteit.

Is u besig met enige verdere studies oor die onderwerp waaroor u gaan getuig? -- Ja, met 'n doktorale proefskrif aan die Vrystaatse Universiteit.

HOF : Wat is die titel van die proefskrif? -- 'n Kritiese vergelyking tussen rewolusionêre en teen-rewolusionêre oorlogvoering. Dan gaan dit verder, 'n strategiese en taktiese studie.

MNR. JACOBS : Wanneer beplan u om hierdie proefskrif van u te voltooi? -- Teen Junie 1987.

Vir watter periode is u reeds nou besig om die onderwerp van rewolusionêre oorlogvoering te bestudeer? -- Ek is vir die afgelope 10 jaar besig om te lees oor die onderwerp, alhoewel die proefskrif eers in 1983 geregistreer is.

En in die voorbereiding en studie wat u gehad het, het u verskillende lande besoek en plaaslike studies gedoen daar? -- Ek het 'n plaaslike studie gedoen en dan ook 'n navorsingsbesoek aan die Republiek van China gebring.

Hou u huidige betrekking wat u beklee verband met die onderwerp waaroor u gaan getuig? -- Ja, ek is 'n senior lektor in Staatsleer aan die Vrystaatse Universiteit verantwoordelik vir die leer opdrag strategiese studies. Ek bied op voorgraadse vlak kursusse aan waarin rewolusionêre oorlogvoering 'n belangrike deel vorm. Ek bied ook op nagraadse vlak veral dan Honneurs 'n kursus aan waar een vraestel oor

... / rewolusionêre

rewolusionêre oorlogvoering handel. Dan is daar ook 'n aantal magister en doktorale studente wat oor aspekte van rewolusionêre oorlogvoering hulle studies onder my studieleiding en promotorskap voltooi.

Wat word bedoel met die begrip rewolusionêre oorlogvoering? -- Daar bestaan 'n hele aantal begrippe vir beskrywing van dié oorlogsvoering tipe.

HOF : Beteken dit dat die begrip "rewolusionêre oorlogvoering" verskillende betekenisse het? -- Nee, ek sal nou daaroor handel.

Ja? -- Ek gaan vervolgens enkele van hierdie begrippe noem. Eerstens onkonvensionele oorlogvoering, tweedens "people's war", derdens guerrilla-oorlogvoering, vierdens insurgensie, in die vyfde plek National Liberation wars. Ek is egter van mening dat die begrip waarvoor hierdie oorlogstipe gebruik moet word rewolusionêre oorlogvoering is en wel om die volgende rede. Die begrip rewolusionêre oorlogvoering is in 1936 deur Mao Tse Tung geskep, in 'n geskrif onder die opskrif "Problems of Strategy in China's revolutionary war". Daar bestaan ook verskeie definisies ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Het hy in Engels geskryf? -- In Chinees en dit is later vertaal. Wat die definisies betref, gaan ek enkele definisies aan u voorhou.

Is dit nou sy definisies? -- Nee, definisies van rewolusionêre oorlogvoering. Die eerste is 'n definisie van Sarkesiam in sy werk "Revolutionary Guerrilla warfare".

Wie is Sarkesiam? -- Sarkesiam beskou ek as 'n belangrike kenner van die besondere oorlogvoeringstipe.

Dit help my niks. Is hy 'n Suid-Afrikaanse burger of ... -- Nee, dit is 'n akademikus in die VSA.

... / Weet

Weet u watter universiteit? -- Nee. Hy sê "It is the forcible attempt by a politically organised group. The growing control or change destruction and all policies of a government, using unconventional warfare integrated by political and social mobilisation, resting on the premise that the people are both the targets and the actors." 'n Tweede definisie is dié van Sir Tobert Thompson, wat kom uit sy werk "Revolutionary War in World Strategy - 1945 to 1969."

MNR. JACOBS : Wie is hy? -- Sir Robert Thompson is 'n kenner van teen-rewolusionêre oorlogvoering en het ook opgetree as adviseur in Viëtnam. Thompson sê "It is a form of warfare whieh enables a small ruthless minority to gain control by force over the people of the country and thereby to seize power by violent and unconstitutional means."

Gaan maar voort. -- Wanneer daar hierop gelet word, dan vind ons dat rewolusionêre oorlogvoering 'n spesifieke oorlogvoeringstipe is wat binne die sogenaamde indirekte modes van strategie van stapel gestuur word. Met indirekte modes word bedoel dat daar primêr van nie-militêre magsmiddele gebruik gemaak word terwyl militêre magsmiddele 'n sekondêre en ondersteunende rol vervul. In die eskaleringsproses van rewolusionêr oorlogvoering kan daar egter, indien rewolusionêre oorlogvoering deur alle ontwikkelingstadia gevoer word 'n groter klem op militêre magsmiddele geplaas word. Dit blyk verder dat die bevolking van 'n teikenstaat nie alleen die belangrikste teiken van 'n rewolusionêre beweging is nie, maar ook 'n primêre akteur in die stryd. Dit blyk verder dat geweld 'n integrale komponent van rewolusionêre oorlogvoering uitmaak. Professor Deon Fourie van Unisa meld in sy definisie wat verskyn in die werk wat onder die

... / redakteurskap

redakteurskap van L.D. Barnard, naamlik Konflik en Orde in internasionale verhoudinge verskyn het, dat geweld in hierdie oorlogvoeringstipe die gewone politieke proses vervang. Dit blyk ook verder dat ons hier met onkonstitusionele optrede te make het. Dit wil sê optrede wat buite die normale politieke praktyk val. Verder is dit so dat ŉ aantal grondvereistes teenwoordig moet wees, voordat ŉ rewolusionêre stryd tot sukses gevoer kan word. Ek noem van hierdie grondvereistes. Aangesien dit die doel van ŉ rewolusionêre organisasie is om die regering van ŉ teiken-staat omver te werp, word ŉ politieke alternatief geformuleer aan die hand waarvan die stryd geoperasionaliseer word. Tweedens moet ŉ rewolusionêre beweging oor ŉ opgeleide, toegewyde en bekwame leierskade beskik. In die derde plek ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wat bedoel u met leierskade? --Waarom sê u nie net leiersgroep nie? -- Ek kan ook sê leiersgroep.

Wat beteken die woord kader by u? -- Wanneer ek praat van die kader, dan kan dit elemente binne die organisasie wees wat in die eerste plek politieke aktiwiteite van stapel stuur en in die tweede plek ook militêre aktiwiteite.

Nee, maar as u praat van ŉ kader, beteken dit ŉ groep wat die leiding neem ... -- Dit is reg.

Of beteken dit net bloot mense wat lid van die organisasie is? -- Nee, dit is die persone wat die leiding neem in die organisasie. Binne hierdie konteks. Verder moet daar kwesbaarhede of knelpunte in ŉ teikenstaat bestaan wat gemanipuleer kan word vir rewolusionêre doeleindes. ŉ Rewolusionêre oorlog het ook voldoende tyd nodig om te ontwikkel. Rewolusionêre organisasie moet voldoende steun van ŉ teikenstaat se bevolking geniet. Rewolusionêre

... / organisasie

organisasie moet ook oor eksterne steun beskik. ŉ Rewolusionêre organisasie moet ook oor gevestigde basisgeriewe beskik.

MNR. JACOBS : Bestaan daar spesifieke strategiese modelle vir die voer van ŉ rewolusionêre oorlog? -- Ja.

Wat is die aard van die modelle? -- Die oorkoepelende strategiese model vir die voer van ŉ rewolusionêre stryd is indirekte strategie. Indirekte strategie word aan die hand vanŉ dubbele maneuverkonsep ontplooi, naamlik die eksterne maneuver van die stryd en tweedens die interne maneuver van die stryd. Wat die eksterne maneuver van die stryd betref, is die hoofdoel om die vryheid van optrede van ŉ rewolusionêre beweging te verhoog. Dit wil sê eksterne steun moet dit makliker maak vir ŉ rewolusionêre beweging om die stryd intern te operasionaliseer. Optredes wat in dié verband van stapel gestuur word, deur eksterne ondersteuners behels onder andere dreigemente van politieke en ekonomiese inmenging asook daadwerklike politieke en ekonomiese inmenging in belang van die teikenstaat. Verder behels dit sielkundige optredes deur eksterne moondhede, organisasies of indiwidue teen die teikenstaat. Dit kan egter ook die dreigement van militêre inmenging behels.- Of daadwerklike militêre inmenging. Tweedens, die interne maneuver van die stryd.

K409 Wag net so ŉ bietjie. Is dit optredes deur die rewolusionêre groep wat u van praat of is dit optredes deur ander? Wat die rewolusionêre groep help? -- Dit is reg so. Ek sal later verder daarmee handel wanneer ek die eksterne dimensie van rewolusionêre oorlogvoering hanteer.

So, as u sê dreigement van direkte militêre inmenging dan is dit nie deur die rewolusionêre groep nie, maar sy "bondgenote"? -- Dit is reg. Tweedens dan die interne

... / maneuver

maneuver. Die operasionalisering van die interne maneuver word bepaal deur drie onderlingverwante faktore, naamlik morele mag, materiële mag en tyd. Indien materiële mag voldoende is, neem die belangrikheid van morele mag af en kan die oorlog in ŉ relatief kort tydsbestek voltooi word. Indien materiële mag onvoldoende is, neem die belangrikheid van morele mag toe en neem die oorlog die vorm van ŉ lang uitgerekte stryd aan. In die eerste geval, waar materiële mag voldoende is, word die interne maneuver aan die hand van sogenaamde stuksgewyse metode ontplooi. Indien materiële mag onvoldoende is en morele mag derhalwe die primêre rol vervul, word die interne maneuver aan die hand van die erosiemetode ontplooi. Wat die ontwikkelingsfases van rewolusionêre oorlogvoering betref ... (Hof kom tussenbei)

HOF: Stadig nou. As u wil hê dat ons moet inneem wat u sê, moet u ons net ŉ geleentheid gee om so hier en daar af te skryf ook. Wat noem u in Engels die stuksgewyse metode? -- Piecemeal method.

Dit is nie die Domino teorie nie? -- Nee.

Gaan maar voort. -- Wat die ontwikkelingsfases van rewolusionêre oorlogvoering betref, is dit so dat die erosiemetode in die meerderheid van gevalle in die aanvanlike fases van die stryd geoperasionaliseer word, terwyl die stuksgewyse metode in die latere fases van die stryd die primêre rol vervul. Dit is egter nie noodsaaklik dat beide hierdie metodes in ŉ rewolusionêre stryd van stapel gestuur hoef te word nie. Afhangende van die vermoë van die regering van ŉ teikenstaat, kan ŉ rewolusionêre stryd bloot aan die hand van die erosiemetode suksesvol deurgevoer word. Ek handel dan kortliks met die kenmerke van die erosiemetode en die stuksgewyse metode. Die erosiemetode word op twee

... / vlakke

vlakke van stapel gestuur, naamlik die materiële vlak en tweedens die sielkundige vlak. Wat die materiële vlak betref is die belangrikste doelwit van die rewolusionêre magte om uit te hou. In dié verband word direkte militêre konfrontasies met die veiligheidsmagte van ŉ teikenstaat vermy en kwel-taktiek word toegepas aan die hand van guerrilla-oorlog-voering. Hierdie taktiek word egter ondersteun deur selek-tiewe terrorisme onder die bevolking toe te pas ten einde te verhoed dat die bevolking steun aan die regering van die teikenstaat toesê. Daar word verder ook van die maksimale verspreiding van magte gebruik gemaak om die onge-sonde getalsbalans te neutraliseer. Hiermee bedoel ek dat ŉ rewolusionêre organisasie gedurende die operasionalisering van die erosiemetode as die swakkere party in die konflik staan. Tweedens dan die sielkundige vlak. Binne die konteks van die sielkundige vlak tree ŉ rewolusionêre beweging op teen drie oorhoofse teikengroepe, naamlik die bevolking binne ŉ teikenstaat, die regering en in die derde plek die rewolu-sionêre magte as sulks.

Wag net so ŉ bietjie. U sê hulle tree op teen die drie oorhoofse teikengroepe. -- Dit is reg.

Tree hulle teen hulleself op? -- In ŉ mobiliserings-konteks, dit wil sê die beïnvloeding van eie magte. Dit gaan hier oor die sielkundige vlak.

Met ander woorde die geestelike voorbereiding van jou eie magte? -- Dit is reg. Die belangrikste optredes wat derhalwe gevolg word of metodes wat gevolg word is propaganda, indoktrinasie, organisering van die bevolking. Ek sal later hierna terugkeer wanneer ek die dimensies van die stryd hanteer. Met indirekte strategie as vertrekpunt, is dit dan ook noodsaaklik om te kyk na die belangrikste spesifieke

... / strategiese

strategiese modelle vir die voer van ŉ rewolusionêre stryd. Hierdie modelle is nie alleen verteenwoordigend van die belangrikste strategiese determinante van die stryd nie, maar verteenwoordig ook die eskaleringsproses in die stryd. Die eerste model wat ek hier aan die orde wil stel is die Mao Tse Tung model van rewolusionêre oorlogvoering. Ek noem dan kortliks die belangrikste strategiese determinante. Die politieke mobilisering van ŉ teikenstaat se bevolking en voortvloeiend daaruit die organisering van ŉ teikenstaat se bevolking, vorm die belangrikste vertrekpunt in die Mao Tse Tung model. Mao verklaar egter dat die Kommunistiese Party as voorhoede van die stryd moet optree. Bevolkingsmobilisering en organisering gee aanleiding tot die vestiging van gebiede onder rewolusionêre beheer. Dit gee egter ook aanleiding tot die vestiging van ŉ sorgenaamde "people's army," wat verantwoordelik is vir die militêre operasionalisering van ŉ rewolusionêre stryd. Wanneer ons dit vergelyk met die interne maneuver van indirekte strategie, dan vind ons dat die sielkundige vlak van die interne maneuver en spesifiek dan die erosiemetode as vertrekpunt tot die stryd dien. Vanuit hierdie sielkundige vlak gaan die stryd dan oor na die materiële vlak, wat dan in die vorm van guerrilla-oorlogvoering en mobiele oorlogvoering na vore tree. Tweedens wil ek kortliks handel met die model van Guevara. Sy naam is Che. Che Guevara. En Regis de Bray. Wat die Guevara/De Bray model betref neem die rewolusionêre stryd in aanvang met die optrede teen klein kern groepe. Die sogenaamde focos wat van guerrilla-oorlogvoering en terrorisme gebruik maak vir die ontbranding van die stryd. In dié verband sê Guevara dat 30 tot 50 man voldoende is vir die ontbranding van ŉ rewolusionêre stryd. Die bestaan

... / van

van ȟ rewolusionêre klimaat in ȟ teikenstaat is ook nie noodsaaklik nie, aangesien die foco ȟ rewolusionêre klimaat kan skep.

Wat bedoel u dan met ȟ rewolusionêre klimaat? -- ȟ Rewolusionêre klimaat beteken dat daar knelpunte in ȟ teikenstaat moet bestaan waaroor die bevolking ontevrede is.

Ja, maar dit sou dan beteken dat enige land oorgeneem kan word deur te begin met 30 tot 50 man, want in alle lande is daar mense ontevrede. Daar is droogtes en vloede en alles. -- Dit is so.

Is dit die teorie, ten spyte van ȟ algemene ontevredenheid? -- Die teorie is dat daar hoef nie noodwendig al ȟ ontevredenheid te heers onder die bevolking wat dan gemanipuleer en uitgebuit word nie. Bevolkingsmobilisering word ook deur die foco van stapel gestuur. De Bray sê in dié verband in sy werk "Revolution in the revolution" die volgende "The foco is the small motor that sets the big motor of the masses into motion." Die foco kan dus as die rewolusionêre beweging in embrio beskou word. Deur die vermeerdering van die foco word ȟ rewolusionêre beweging of dan ȟ omvattende rewolusionêre beweging gegiet. Verder word aan die hand van hierdie proses ook ȟ "people's army" geskep, wat vir die militêre eskalering van die stryd verantwoordelik is. Wanneer ons na hierdie model kyk van Guevara en De Bray en dit projekteer teen die erosiemetode dan vind ons dat die vertrekpunt op die materiële vlak geleë is, terwyl die sielkundige vlak in die begin fase ȟ sekondêre rol vervul. Die derde model is dié van Carlos Marighella. Die model van Marighella kan as ȟ kombinasie van die Mao Tse Tung en die Guevara/De Bray modelle beskou

word. Die politieke mobilisering van ŉ politieke teikenstaat se bevolking dien as ŉ vertrekpunt tot die stryd, maar die politieke mobilisering word aan die hand van die foco strategie van stapel gestuur.

Nou verstaan ek nie. Word dit dan gedoen deurdat daar gewelddadige groepies optree in die samelewing -- Dit kan aan die hand van nie-gewelddadige metodes van stapel gestuur word.

Met ander woorde, as u daar praat van die foco strategie, dan bedoel dit dat daar ŉ klein groepie is wat die omringende samelewing probeer mobiliseer? -- Dit is korrek.

Òf gewelddadig òf nie gewelddadig nie? -- Of nie gewelddadig nie. Ek praat van die kombinasie. Die verskil hier is dat wat mobilisering betref aan die hand van die Mao Tse Tung model dit die Kommunistiese party is wat as voorhoede van die stryd optree terwyl in die Marighella model is dit die focos, die klein kern groepe. Ten slotte dan wat die drie modelle as sulks betref, behels die Mao Tse Tung model dat die stryd op die platteland ŉ aanvang neem. Dieselfde geld vir die Guevara en De Bray model, terwyl wat Marighella betref vorm die stede van ŉ teikenstaat die brandpunt van die stryd. In dié verband wil ek ook meld dat hierdie modelle nie in kompartemente geplaas kan word nie. ŉ Kombinasie van twee of meer modelle kan in ŉ bepaalde rewolusionêre stryd geoperasionaliseer word.

<u>GETUIE STAAN AF.</u>

<u>HOF VERDAAG.</u> <u>HOF HERVAT.</u>

K410 <u>LUCAS CORNELIS ANDRE PRUIS</u>, nog onder eed

<u>MNR. JACOBS</u> : U Edele, net voor ek met die getuie weer begin. Kan ek net vra, ons sou vandag duidelikheid gekry het omtrent wat gebeur metdr. Jansen se getuienis, dat

... / ons

ons net weet wat ons moet doen.

MR BIZOS : We have gone into the question and Mr Atkinson and members of the defence team are working on it. We will not be able to ask Your Lordship to allow us to cross-examine Dr Jansen before Wednesday, the 27th.

COURT : That is Wednesday a week?

MR BIZOS : Wednesday a week. I want to assure Your Lordship that we are not less anxious than anyone else to get on with this case, but we have made an assessment of the matter in consultation with Mr Atkinson and the people involved - and the other people involved and it is almost impossible to do it before. I may say that originally it was thought that a bit more time would be required but we have worked out a number of other things and it is the absolute minimum period that we require for that purpose, but I may say that I do not think that the inquiry is going to last as long as it lasted elsewhere.

COURT : But will we be able to fill in the time in the mean-time? -- That is thee problem. It depends on how long this witness is going to be in chief and how much time we will require to go into these esoteric matters and also what other witnesses the State has. Consistent with our attitude and getting on with this case, we would welcome whilst the expert witnesses are standing down that the State can fill in and we undertake to be here properly prepared for other witnesses who are not of an expert nature so that court time is not actually taken up whilst the preparation for the cross-examination of the experts are taking place.

COURT : Yes, I have listened. Nou het u gehoor, mnr. Jacobs.

MNR. JACOBS : Sal ons dan reël dat hy volgende Woensdag

... / hier

hier is?

HOF : Dit is Woensdag oor 'n week.

MNR. JACOBS : Ek meen Woensdag oor 'n week.

HOF : Sal u die tyd kan volmaak?

MNR. JACOBS : Ek twyfel of ons die tyd gaan vol kry. Ons staan baie naby aan die einde se kant toe.

HOF : Wanneer u my 'n behoorlike skatting kan gee van tyd, sal ons weer gesels oor mnr. Jansen.

MNR. JACOBS : Ek mag dit net noem dat van die getuies wat ons wou geroep het is op die oomblik besig om in Pretoria in die Hooggeregshof te getuig. Die dinge het ongelukkig nou so verkeerd geloop dat dit saamgeval het.

HOF : Ons het darem nog 'n rukkie wat hierdie getuie besig gaan wees, lyk dit vir my. Ons kan maar later weer oor die ding gesels.

MR BIZOS : Whilst I have Your Lordship's attention, will Your Lordship note that accused no. 15, Mr Hlanyane, has returned to court.

COURT : Thank you, Mr Bizos.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Pruis, om dan voort te gaan moet daar 'n organisasie bestaan vir die orkestrering van die rewolusionêre aktiwiteite in rewolusionêre oorlog? -- Ja.

Wat is die rol van so 'n organisasie? -- Ek beskou 'n rewolusionêre organisasie as 'n operasionele sisteem en ek sal nou duidelikheid daaroor gee. 'n Rewolusionêre organisasie benodig insette van binne 'n teikenstaat sowel as buite 'n teikenstaat.

Miskien kan u dit net 'n bietjie meer duidelik maak wat die insette is, wat u bedoel daarmee? -- Die tipe insette wat so 'n organisasie benodig van binne 'n teikenstaat

... / is

is byvoorbeeld rekrute, informasie, skuilgeriewe, dit wil sê hoofsaaklik bevolkingsteun. Die tipe insette wat benodig word van buite 'n teikenstaat is strategiese leiding, opleiding, die verskaffing van wapentuig. As u hierna sou kyk, dan sal u vind dat dit ooreenstem met die interne en eksterne maneuver van indirekte strategie. Wat die interne maneuver betref word die insette verkry deur die aanwending van lok-, oorredings- en dwangmiddele. Lokmiddele behels bloot die bekendstelling van die organisasie se doelstellings, ten einde elemente onder die bevolking te lok om met die organisasie te identifiseer. Oorredingsmiddele behels die aanwending van propaganda, sosio-ekonomiese hulpverlening aan die bevolking. Wat dwangmiddele betref behels dit die aanwending van terreur. Dit sluit onder andere moorde en vernietiging van eiendom in.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Intimidasie, sou dit ook daar onder val? -- Dit is ook 'n komponent daarvan. Wat die eksterne maneuver betref, behels dit die aanwending van lok- en oorredingsmiddele. Hierdie insette word deur 'n rewolusionêre organisasie omskep sodat die operasionele sisteem uitsette produseer. Die uitsette behels onder meer stakings, onluste, betogings, boikotte. Dit klassifiseer ek onder die intensiferingskonteks van rewolusionêre oorlogvoering waaroor ek later meer sal sê.

MNR. JACOBS : Word 'n rewolusionêre oorlog aan die hand van spesifieke dimensies gevoer? -- Ja.

Ek dink u het vroeër gepraat van die dimensie wat u weer na toe sal terugkom? -- Dit is korrek.

Kan u vir ons sê wat is dan die aard van die dimensies hierop uitbrei? -- Voordat ek oorgaan na die dimensies moet ek nou eers die verskillende konstekste aan die hand

... / waarvan

waarvan of waarbinne die dimensies ontplooi word verduidelik. Eerstens is daar die mobiliserings- en organiseringskonteks. Tweedens die destabiliserings en neutraliseringskonteks en derdens die intensiferingskonteks. Ek sal wanneer ek die dimensies verduidelik handel met hierdie verskillende kontekste, maar dit het betrekking op die drie oorhoofse teikengroepe wat ek aangedui het, naamlik die bevolking van ŉ teikenstaat, die mobiliserings- en organiseringskonteks het betrekking op elemente onder die bevolking van ŉ teikenstaat.

HOF : Wat bedoel u met mobiliseer en organiseer? -- Met mobilisering bedoel ek politieke mobilisering aan die hand van ŉ politieke alternatief wat ek sal uitspel wanneer ek die dimensies hanteer.

Wat beteken die woord mobiliseer? Beteken dit mense mobiel maak, dit wil sê in beweging bring of wat beteken dit? Wat beteken mobiliseer? -- In beweging bring teen die regering van ŉ teikenstaat. Dit wil sê pro-rewolusionêre mobilisering.

En wat bedoel u met organisering? -- Dit is om die bevolking in organisasies aam te trek aan die hand waarvan die intensiferingsfase plaasvind. Dit wil sê beheer oor die bevolking ten einde deelname te verseker in die stryd. Die mobiliserings en organiseringskonteks het egter ook betrekking op die rewolusionêre magte. Tweedens wat die stabiliserings en neutraliseringskonteks betref. Dit het betrekking op die regering plus dan die amptenary, maar dit het ook betrekking op elemente onder die bevolking. Wat die dimensies van rewolusionêre oorlogvoering dan betref en dan die rol van die dimensies binne hierdie kontekste bestaan ŉ rewolusionêre stryd uit militêre sowel as nie-

... / militêre

militêre dimensies. Dit word aanvaar dat ŉ rewolusionêre stryd in die begin fase uit 20% militêre aksie en 80% nie-militêre aksies bestaan. Soos die stryd eskaleer , styg die persentasie militêre aktiwiteite. In die voorwoord tot Mao Tse Tung se werk "Ang Guerrilla warfare" word hieroor die volgende gesê. Eerstens dat ŉ rewolusionêre oorlog nie alleen militêre aktiwiteite behels nie. Ek gaan voort uit hierdie voorwoord uit. Aangesien die doel is om bestaande gemeenskappe en instellings binne hierdie gemeenskappe te vernietig, behels die rewolusionêre optrede ŉ eenheid wat bestaan uit verskillende komponente, waarvan die belangrikheid van hierdie komponente in die stryd kan wissel en hierdie komponente word dan aangedui as militêre politieke sosiale. Dit is egter belangrik om aan te dui dat hierdie verskillende komponente of dimensies nie in kompartemente verdeel kan word nie. Dit vorm ŉ geheel waar die een dimensie vanuit die ander voortvloei, soos wat ek sal aandui. Die eerste dimensie is die idiologiese dimensie. Dit is belangrik om daarop te dui dat die vertrekpunte, die idiologiese vertrekpunte van ŉ rewolusionêre organisasie nie noodwendig hoef ooreen te stem met dit wat aan die bevolking in ŉ teikenstaat verkondig word nie. Dit is my mening dat daar verwarring mag bestaan tussen die idiologiese en politieke dimensies in ŉ rewolusionêre stryd. Gedurende die stadium van "national liberation" wat eindig in die politieke magsoorname deur ŉ rewolusionêre organisasie , dien die politieke dimensie as die speerpunt van die stryd. Dit wil sê waaruit alle ander rewolusionêre aktiwiteite voortvloei indien die politieke dimensie nie korreleer met die idiologiese vertrekpunte van ŉ rewolusionêre organisasienie. Die rewolusionêre elemente word egter

... /terdeë

terdeë bewus gemaak van die ware idiologiese motiewe van sodanige organisasie. Tweedens wat die politieke dimensie betref is dit belangrik om daarop te wys dat die politieke, die sielkundige en die sosio-ekonomiese dimensies 'n eenheid vorm wat die politieke mobilisering van die bevolking betref. Mao Tse Tung sê in sy werk "Selected Military Writings" dat die volgende proses in dié verband gevolg moet word. Nou handel ek met die teikengroepe, oorhoofse teikengroepe bevolking en die rewolusionêres. Eerstens moet die bevolking en die rewolusionêres bewus gemaak word van die politieke doel van die oorlog, dit wil sê die politieke alternatief. Tweedens om die politieke alternatief in stappe opgebreek word en beleid daarom verweef word. Dit wil sê 'n politieke program moet saamgestel word. Derdens word die vraag gevra hoe sal mobilisering geskied. Die antwoord van Mao deur middel van persone wat propaganda bedryf, pamflette, boeke, skole, massa organisasies, kaders ... (Hof kom tussenbei)

Wat is 'n kader in dié verband? -- 'n Kader is in dié verband òf 'n persoon wat binne die politieke vleuel van die rewolusionêre beweging figureer net met die doel om propaganda te bedryf. In die tweede plek kan dit ook 'n opgeleide guerrilla wees want die taak van die guerrilla is om nie alleen net militêre aktiwiteite van stapel te stuur nie, maar ook om politisering van stapel te stuur. Ten slotte sê Mao in dié verband dat mobilisering 'n deurlopende proses moet wees. Dit wil sê vir die volle duur van die stryd. In opvoling hiervan sê Elliot Baitman in sy werk"The Fourth dimension of warfare" ... (Hof kom tussenbei)

Wie is Elliot Baitman? -- Elliot Baitman is 'n vooraanstaande

... / outeur

outeur op die gebied van rewolusionêre oorlogvoering.

Ja, maar waar kom hy vandaan? -- Ek is nie seker waar hy vandaan is nie.In die eerste plek moet daar 'n verkenning geskied van 'n gemeenskap. Tweedens moet aan die hand van verkenning 'n politieke program saamgestel word.

MNR. JACOBS : As ek miskien net hier kan inkom om te sê daar moet 'n verkenning geskied. 'n Verkenning in watter opsig? As ons dit net 'n bietjie duideliker kan kry.

-- Verkenning behels sosiale verkenning, politieke verkenning, ten einde, soos wat ek later sal uitwys, knelpunte in 'n gemeenskap te bepaal wat aanleiding gee tot die formulering van 'n politieke saak of politieke alternatief en 'n politieke program. Die derde stap is dan die beïnvloeding van die bevolking aan die hand van die politieke program. Ek handel dan vervolgens met die politieke dimensie en spesifiek die wyse waarvolgens 'n politieke alternatief geformuleer word. Die noodsaaklikheid van 'n politieke alternatief in rewolusionêre oorlogvoering word deur Mao Tse Tung erken. In dié verband gebruik hy in sy werk "Selected Military Writings" die bekende stelling van Van Klausewich wat in sy werk "Von Kriede op anwar(?)" voorkom. Von Klausewich sê "War is nothing else than the continuation of state policy by different means." Oorlogvoering handel dus oor die bereiking van 'n politieke doelwit. Die politieke saak verskaf aan 'n rewolusionêre beweging 'n bate wat gedurende die stryd in konkrete mag vergestalting vind. Vervolgens die strategiese kenmerke waaraan so 'n politieke alternatief mot voldoen. In die eerste plek moet dit vir die meerderheid van die bevolking in 'n teikenstaat aanvaar baar wees en daarmee saam moet dit die minderheid van die bevolking antagoniseer,

... / Waarom

Waarom is dit? -- Indien bevolkingsteun verkry moet word aan die hand van die operasionalisering van die politieke saak is dit noodsaaklik dat dit aantreklik moet wees vir die grootste meerderheid van die bevolking.

HOF : Dit kan ek begryp. Waarom moet dit die minderheid antagoniseer? -- Dit is bloot in teenstelling met die meerderheid wat dit moet aantrek.

Waarom kan dit nie die minderheid neutraal of onbetrokke laat nie? -- Bevolkingsdeelname is ook ŉ noodsaaklike komponent van ŉ rewolusionêre stryd. Indien die bevolking neutraal in ŉ rewolusionêre stryd is, dan kan hierdie gebrek aan materiële mag ... (Hof kom tussenbei)

Nee, nee, ons praat oor die minderheid? Die meerderheid word nou gunstig gestem teenoor daardie begrip? -- Dit is reg.

Die minderheid is neutraal. Waarom moet die minderheid juis geantagoniseer word? -- Of neutraal.

Dit lyk vir my ons verskil van Von Klausewich soos aangehaal deur Mao. -- Nee, dink nie so nie.

Nou maar goed, gaan maar voort. -- Verder moet die politieke saak beantwoord aan die behoeftes en begeertes en aspirasies van die bevolking. Dit moet ook ŉ antwoord bied op die heersende knelpunte in bevolkingsgeledere.

Hierdie is natuurlik direk in stryd met Che Guevara se beginsel dat jy nie knelpunte hoef te hê vir ŉ rewolusie nie? -- Maar hierdie geld vir Mao Tse Tung.

Is dit nou Mao Tse Tung se teorie? -- Dit is Mao se teorie.

Ja? -- ŉ Volgende faset is dat ŉ politieke saak beide abstrak en konkreet moet wees. Abstrakte terme soos byvoorbeeld gelykheid, vryheid, het groter emosionele

... / mobiliserings-

mobiliseringswaarde, tewyl die politieke saak ook konkreet moet wees om bevolkingsidentifisering te bewerkstellig. Wanneer daar gelet word op hierdie abstrakte en konkrete karakter ... (Hof kom tussenbei)

Met konkreet bedoel u daar moet gesê word "Kyk, julle word hier en daar verdruk, die belasting is te hoog" of iets van daardie aard? -- Die politieke saak bied die antwoord daarop. Dit wil sê hoe sal die knelpunt geneutraliseer word. Wat die abstrakte en konkrete karakter betref, is dit belangrik om die politieke saak in die begin fase van die stryd nie te konkreet te maak nie, aangesien die regering van 'n teikenstaat in die sogenaamde eise wat daarin vervat is kan voldoen en sodoende die rewolusionêre stimilus ontlont. Indien die stryd reeds binne die intensiferingskonteks verkeer is dit belangrik om die politieke saak 'n konkrete karakter te gee, aangesien regeringsoptrede ter voldoening aan die eise tot voordeel van die rewolusionêre beweging strek. Die idee word dus geskep dat die regeringsoptrede na aanleiding van rewolusionêre aktiwiteite plaasgevind het. Dit is belangrik dat 'n politieke saak vir die grootste gedeelte van die stryd van krag bly, aangesien dit die belangrikste bindingskrag in die stryd vorm. Die volgende punt handel oor die oorsprong van die politieke saak. Soos reeds vermeld word die politieke saak na aanleiding van die identifisering van knelpunte geformuleer. Om die politieke saak van die wydste moontlike karakter te voorsien is dit belangrik om op 'n groot verskeidenheid terreine knelpunte te identifiseer. Dit kan onder andere politieke knelpunte , sosiale knelpunte, ekonomiese knelpunte en selfs ook knelpunte met betrekking tot die veiligheidsterrein behels. In die werk van T.J. Lawrence

... / "Seven

"Seven pillars of wisdom" het hy ŉ aantal knelpunte aangetoon wat in ŉ ontledingsraamwerk vervat kan word. Dit kan godsdiensverskille behels, taalverskille, stamverskille, ekonomiese verskille en dan word daar ook gelet op geografiese verdelings omte bepaal of dit verskille teweeg bring en uiteindelik ook na die historiese agtergrond van die bevolking om te bepaal of verskille daaruit voortspruit. Aangesien rewolusionêre oorlogvoering daarop gemik is om die magsbasisse van ŉ staat te destabiliseer en hierdie magsbasisse is die staatkundige magsbasis, die maatskaplike sielkunge magsbasis, die ekonomiese magsbasis en die veiligheidsmagsbasis, is dit my mening dat die bepaling van knelpunte met die magsbasisse van ŉ teikenstaat sal ooreenstem. Daar kan egter ook kunsmatige knelpunte geskep word en dit korreleer nou weer met die knelpunt van die Guevara/De Bray model dat ŉ rewolusionêre klimaat nie hoef te bestaan nie, maar dat ŉ foco dit kan skep. Hierdie knelpunte hoef ook nie akuut te wees nie ... (Hof kom tussenbei)

Gee vir my nou net ŉ voorbeeld van hoe ŉ mens ŉ knelpunt skep waar daar nie ŉ knelpunt is nie?-- Dit sluit aan by die tweede punt wat ek nou wil maak, naamlik dat indien ŉ rewolusionêre organisasie knelpunte identifiseer waarvan die bevolking nie bewus is nie, die bevolking deur politieke mobiliseringsproses bewus gemaak kan word van knelpunte en aan die hand daarvan gemobiliseer word. Dit hoef dus nie ŉ knelpunt te wees wat akuut is in gemeenskap nie.

Dit is dus dan nog nie ŉ knelpunt nie? -- Dit is ŉ knelpunt wat - potensiële knelpunt wat die rewolusionêre beweging identifiseer. Galula(?) sê dat die bevolking dan bewus gemaak kan word daarvan "by raising the political

... / consciousness

consciousness of the masses."

MNR. JACOBS : Ek dink die Hof wil graag ŉ voorbeeld hê van so ŉ kunsmatig geskepte knelpunt? As u ons miskien daar kan help? -- ŉ Spesifieke voorbeeld. Ek kannie ŉ voorbeeld hier koppel aan ŉ rewolusionêre stryd nie. Ek sou sê dit kan byvoorbeeld ŉ aspek behels waar wetgewing deur die regering uitgevaardig word en die rewolusionêre identifiseer dat hierdie wetgewing die potensiaal inhou dat ŉ knelpunt daaruit geïdentifiseer kan word en die metode dan is om hierdie potensiële knelpunt te omskep in ŉ akute knelpunt "by raising the political consciousness of the masses."

U kan maar voortgaan. -- Wat die formulering van die politieke saak betref aan die hand van die identifisering van die knelpunte is dit so dat daar nie slegs ŉ enkele politieke saak geformuleer hoef te word nie. Indien die politieke saak byvoorbeeld ŉ faset soos anti-kolonialisme behels wat politieke sosio-ekonomiese sosiale en ander kontradiksies akkommodeer dan is dit nie nodig om subsake te formuleer nie. Die formulering van subsake dien egter as ŉ bate vir ŉ rewolusionêre organisasie, aangesien dit ŉ appèl maak op verskillende teikengroepe in bevolkingsgeledere. Indien die idiologiese dimensie nie korreleer met die politieke dimensie nie, dan is dit belangrik vir ŉ rewolusionêre organisasie om sy ware idiologiese motiewe in die politieke saak te verbloem. Vervolgens wat die politieke dimensie betref, word die politieke program dan geformuleer, wat ŉ antwoord bied op die knelpunte wat identifiseer is en die behoeftes en aspirasies van die bevolking. Dit sou dan, soos wat Mao Tse Tung dit gestel het die beleid wees van ŉ rewolusionêre beweging wat

... / geïmplementeer

geimplementeer word na ʼn magsoorname. Die volgende dimensie wat ek wil aanraak is die sielkundige dimensie.

Net voor u verder gaan, wat het u bedoel met verbloem word? -- Byvoorbeeld, wanneer ons kyk na ʼn rewolusionêre stryd waar ʼn organisasie idiologies gesproke ʼn Marxisties Lennonisties uitgangspunt het, dan kan die politieke saak aangebied word as voorbeeld demokrasie, sodat hierdie ware idiologiese motiewe nie bekend gestel word aan die bevolking nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Is daar ʼn voorbeeld hiervan? -- China is ʼn sprekende voorbeeld hiervan.

Wes-Duitsland? Oos-Duitsland, ekskuus? -- Ek sal nie sê nie.

Wat is die naam van die Oos-Duitse stad? -- Die Demokratiese Republiek.

Die Demokratiese Republiek van Oos-Duitsland. -- Ek sal nie sê wat rewolusionêre oorlogvoering betref nie, maar China is ʼn sprekende voorbeeld omdat Mao Tse Tung "new democracy" voorgehou het aan die bevolking as politieke altenatief.

MNR. JACOBS : En hoe sal die ware kleure dan tot uiting kom hier? Kan u vir ons meer uitbrei daaromtrent? -- Gedurende die eerste fase of die eerste stadium, naamlik "national liberation" tot en met die politieke magsoorname sal hierdie politieke saak die speerpunt van die stryd vorm. Dit wil sê om bevolkingsidentifisering daarmee te bewerkstellig. Ek wil later uitbrei op die aanwending van sogenaamde massa lynstrategie, naamlik dat daar van die massas na die massas beweeg word. Dat die idee van die massa geakkommodeer word. Na die stadium van die sogenaamde "national liberation", dit wil sê na die magsoorname

... / plaasgevind

plaasgevind het, dan tree die idiologiese dimensie na vore as die speerpunt van die volgende stadium, naamlik waar die sosialisering plaasvind van die bevolking en uiteindelik die vestiging van die alternatiewe idiologiese en waarde sisteem. Indien die idiologie en die politieke saak nie met mekaar ooreenstem nie, is die belangrik om die behoefte, die idee , die begeerte van die bevolking te akkommodeer ten einde steun te werf. Die volgende dimensie is die sielkundige dimensie. Wat die sielkundige dimensie betref keer ek dan terug na waar ek aanvanklik op die sielkundige vlak die drie teikengroepe aangedui het. Die eerste teikengroep dan die bevolking. Die tweede teikengroep die regeringamptenary en die derde teikengroep die rewolusionêre magte. Wat die bevolking betref kan die bevolking in drie subteikengroepe verdeel word, naamlik in die eerste plek die militante elemente, wie positief ingestel is jeens die rewolusionêre organisasie. Tweedens dan die neutrale elemente wat nie betrokke wil wees by die stryd nie en dusdanig dan ook nie pro die regering of die rewolusionêre magte ingestel is nie. Derdens die gematigde elemente wat die regeringsaak steun. Die operasionele plan jeens hierdie teikengrroepe, die drie teikengroepe, sien soos volg daar uit. Eerstens, dit is nou die operasionele plan deur die rewolusionêre organisasie. Die neutralisering van die gematigde elemente, die aanwending van die militante elemente om die neutrales pro-rewolusionêr te beïnvloed. Die metodes wat in dié verband gevolg word is die volgende. Naamlik in die eerste plek wat ek noem woordpropaganda, sosio-ekonomiese dienslewering aan die bevolking en derdens die aanwending van terreur.

Kan u net vir ons uitbrei wat u bedoel met of ten

... / opsigte

opsigte van woordpropaganda? -- Ja, ek gaan nou verder daar oor.

MNR. JACOBS STEL VOOR DAT DIE GETUIE SE GETUIENIS OP HIERDIE PUNT ONDERBREEK WORD EN DAT DIE SAAK TOT DIE VOLGENDE DAG UITGESTEL WORD.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 19 AUGUSTUS 1986.

- - - - - - - - - -

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

## *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-17-132**
*Document Title:-* **Vol 132 p 6541-6564. Witness: Pruis**